

Die spesiale kollektes in November 2021 gaan vir:

Sondag 14 November Emeritaatsversorging
Sondag 21 November Uitdra van Evangelie
Sondag 28 November Thusofonds

HAMBURGERBRAAI



Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
26 November 2021



Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.

Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor

☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

R 25 per hamburger. Pannekoek **R 5**. Worsbroodjies **R 25**

DIE KERKBLAD

Daar is steeds 'n aantal gratis eksemplare beskikbaar vir lidmate wat belangstel en dan moontlik wil inteken. Besonderhede is by Prof Callie of by ouderling Pieter Aartsma beskikbaar.

MOOIRIVIER KERSMARK 2021

Die Mooirivier Kersmark is DV hierdie jaar vanaf Maandag 22 November tot 4 Desember 2021 by die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom-Oos, Parysplaas, Sondag gesluit en die laaste Saterdag slegs tot 16:00 oop. Unieke geskenke, Kinderspeelgoed, Houtprodukte, Juwele, Boeke, Dekor-items, Klere, Geskenkbewyse, Lekkernye

Kontak gerus die kerkkantoor by
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
vir meer inligting.

EERSTEJAARSKAMP GEREFORMEERDE KERK CACHET

EERSTEJAARSKAMP

VOORLOPIG 25 – 30 JANUARIE 2022

Vir navrae: Frikkie + 27 (79) 695 0119 of Germani + 27 (81) 252 5818



Op die Kerkwerf

Gemeentebled van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 43 Sondag 14 November 2021

REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422

rudyneel@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00

Prediker: Ds Jannes van Dyk 072 224 7181

Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 Hulpprediker: Prof Callie Coetzee 082 337 7951

Orrelis: Magda Pelsers-van der Merwe 079 872 2516 Koster Pieter Bouwsema 082 923 1384

E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za Web: www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste: Ouderling wyk 13 **Pieter Glöy** en wyk 14 **Chris van Ryssen**.

Diakens: Wyk 13 **AJ van Niekerk** en Wyk 14 **Banie Nortjé**.

EREDIENSTE Beide dienste waargeneem deur ds Jannes van Dyk

Goiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND Woordbediening: 1 Petrus 1: 1 - 16 (AFR'20).

Fokusverse: 1 Petrus 1: 10 - 13.

TEMA: *Die genade wat vir jou bestem is, kom deur die lyding en die verheerliking wat vir Jesus Christus bestem is.*

Voorafsang: Psalm 108: 1.

Sing: Psalm 75: 1, 4, 6; Psalm 38: 5, 15; Psalm 119: 52, 53; Psalm 73: 1, 10.

AAND Woordbediening: Johannes 15: 18 - 16: 15

(vgl. Johannes 14: 16 - 17, 26) (AFR'20).

Belydenis: Nederlandse Geloofsbelijdenis, artikel 11.

TEMA: *Die ander Trooster gaan van die Vader en die Seun uit en is ware en ewige God.*

Voorafsang: Psalm 113: 1, 2.

Sing: Psalm 33: 1, 2, 3; Skrifberyming 13:1, 2, 3, 4, 9 (Tema 8 - 2);
Psalm 134:4; Skrifberyming 27:4, 5 (Tema: 12 - 2)

Hardekopieë van die preke kan Dinsdae tot Donderdae tussen 08:00 en 13:00 by die kerkkantoor bekom word. Dit kan ook elektronies aangevra word.

Kollektes vanoggend: *Diens van Barmhartigheid* in die **blou** sakkies en vir *Emeritaatsversorging* in die **rooi** sakkies.

Vanaand: *Diens van Barmhartigheid (blou)* en *Kerkkas (rooi)*

LIEF EN LEED



Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat die operasie van **Annemarie Steyn** goed afgeloop het. Ons bid haar 'n spoedige en volkome herstel toe.

Hermien van der Spoel is in die versorgings-eenheid van Huis Eikelaan opgeneem, en dit gaan onder omstandighede goed. Ons bede is dat sy so sal aansterk dat sy weer selfstandig in haar eie plek kan woon.




Cecile Snyman is steeds in die intensiewe eenheid van Mediclinic na 'n baie groot operasie om 'n obstruksie in die dikderm te verwyder. Ons bid dat ons hemelse Vader haar en haar dierbares in hierdie tyd in sy liefde sal vashou en haar sal lei op die pad van herstel.

Jan van der Schyff moet 'n urologiese operasie ondergaan. Dit sal waarskynlik in die Potchefstroom hospitaal gedoen moet word, aangesien hy nie oor 'n mediese fonds beskik nie. Ons doen in besonder voorbidding vir hom en sy dierbares.



Sonja Venter moet op 24 November in Klerksdorp 'n operasie ondergaan. Ons bid dat ons hemelse Vader die operasie ryklik sal seën en haar sal dra op die pad van herstel.

Ons deel in die dankbaarheid van **Magda Viljoen** en **Hennie**. Magda het die afgelope week weer toetse ondergaan en ook 'n ondersoek deur die onkoloog. Die kankermerkers is laer en stabiel en die onkoloog is daarmee baie tevrede. Magda moet nou driemaandeliks opvolgondersoeke ondergaan.



Ons volhard in ons voorbidding vir **Willem de Klerk** wat nog tweeweekliks bloedoortapping in Mooimed hospitaal moet ondergaan. Dit is ons gebed dat ons Vader Willem in sy liefde en troue sorg sal vashou en met sy ontferming wat elke dag nuut is, sal versterk.



Ná die behandeling wat **Japie van Jaarsveld** vir kanker ondergaan het, moet hy Maandag vir toetse by die Potchefstroom Hospitaal aanmeld met die oog op 'n afspraak met onkoloog Woensdag. Ons is saam met hom en Christa dankbaar dat hulle die einde van die behandelingspad bereik het, en bid dat daar vir hom gunstige toetsuitslae mag wees.

Ons bid **Karel Marais** voorspoedige herstel toe nadat hy Donderdag 'n operasie in Medikliniek ondergaan het. Mag die Here aan u deur hierdie operasie lewenskwaliteit gee.



VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees



- 14 Nov **Chris-Mari Venter**, Wyk 20
- 15 Nov **Johan Coetzee**, Wyk 4
- Marian Roscher**,. Wyk 18
- 19 Nov **Bianca Terblanche**, Sol Plaatjies 79, ☎ 076 124 8895. Wyk 19

VAN ONS KERKRAAD

Geroep tot die diens van ouderling

Kobus Havenga en **Gerhard Willemsse** sal DV vanaand tydens die aanddiens in die diens van ouderling bevestig word. Ons dank die Here dat Hy in amspgawes voorsien, en bid dat Hy die broers in die uitleef van hulle roeping, ryklik sal seën met krag, wysheid, insig en volharding.

BYBELSTUDIES

Di	16/11	15:00	Huis Eikelaan	In die rooi sitkamer
Wo	17/11	18:30	Jeugkamer	Daniël 10

Katkisasie lesrooster

Die kerkraad het op hulle vergadering Sondagaand besluit dat die katkisasiewerksaamhede vir die jaar afsluit. Verbondsouers word versoek om asseblief die oorblywende lesse in die katkisasie-handleidings met hulle kinders te behandel. Katkisante en hulle ouers moet asseblief na die erediens vir die afsluiting in die middelblok, voor saamkom.

ALMANAK 2022

Die Almanak 2022 is beskikbaar, en lidmate wat dit bestel het, kan dit Dinsdae tot Donderdae tussen 08:00 – 13:00 by Malie in die konsistorie afhaal.

NAGMAAL EN GEMEENTE-ETE & KERSSANGDIENS

Die gemeente vier DV Sondag 21 November die sakrament van die Nagmaal. Die kerkraad het besluit dat daar weer twee geleenthede sal wees waartydens die Nagmaal gevier sal word. Om **09:00** sal **wyke 11 - 20** geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier en om **11:00** sal **wyke 1 - 10** die geleentheid ontvang om die sakrament van die Nagmaal te vier.

Die gemeente-ete sal om DV 13:00 in die kerksaal en die binneplein plaasvind.

Die kerkraad sal koue vleis voorsien. Dan word elke gesin gevra om 'n slaai en dalk 'n broodjie te bring. Alles word op die kostafels uitgepak en almal eet lekker saam.

Elkeen bring ook, soos altyd, sy eie bord, eetgerei, en drinkgoed.

Bepaan asseblief u ete só dat u 'n enkelopende lidmaat kan nou om saam met u te eet.

Lidmate word versoek om vandag of môre te laat weet of u wil kom eet sodat die kommissie vroegtydig die koue vleis kan bestel.

Laat weet asseblief vir **Loffie Eloff 082 798 5635** of ons koster **Pieter 082 623 1384** of u wil kom eet.

KERSSANGDIENS

Op die jaarprogram word 'n kerssangdiens ook vir Sondag 21 November aangedui. Meer inligting sal in die week via WhatsApp bekendgemaak word.

BYDRAE VIR MOTORSEKURITEIT Liewe broers en susters

Die donasies vir die sekerheidswag gedurende eredienste het die afgelope tyd skerp afgeneem. Die koste verbonde aan die sekuriteitsdiens is veel meer as die donasies en die verskil moet nou uit die kerkkas geneem word.

Dit is vir almal gerusstellend indien daar 'n sekuriteitswag by ons motors is. Die finansiële kommissie doen dus 'n beroep op lidmate om 'n bydrae in die verband te maak. U donasie kan in die bussies by die kerkdeure gemaak word. Die karwag werk teen 'n salaris van die sekuriteitsmaatskappy.

Finansiële kommissie

 Geopende Deure

FRONTLINIE GELOOF

Vervolg  Maar nooit alleen.

Posbus 1771, Cresta Suid-Afrika 2118 [+27 11 888 9341](tel:+27118889341) [+27 11 888 9362](tel:+27118889362)

Streek: Afrika **Meerderheidsgeloof:** Christenskap (Ortodoks).

Bevolking: 112 759 000 **Christelike bevolking:** 67 491 000 (59,9%)

ETHIOPIË

In Ethiopië hang die vlak van vervolging dikwels af van watter tipe Christen jy is en waar jy woon. Weens die regering se spesiale verhouding met die Ethiopiese Ortodokse Kerk, word ander denominasies – veral Evangeliese en Pinkster-Protestante Kerke – deur die staat en die Ortodokse Kerk vervolgd. Christene wat van denominasie verander en die Ortodokse Kerk verlaat, ervaar druk van hul families en gemeenskappe, en ernstige mishandeling. Verder kan kerke verhoed word om godsdienstige byeenkomste te hou.

Die ander belangrike faktor wat vervolging in Ethiopië beïnvloed, is Islamitiese ekstremisme. Bekeerlinge tot die Christendom vanaf Islam word deur hul families en omliggende gemeenskappe geteister en onderdruk, veral in die oostelike en suidoostelike dele van die land. In sommige streke word Christene toegang geweier tot gemeenskapshulpbronne, verwerp en teen gediskrimineer. Verder word sommige Christene ook aan geweld onderwerp wanneer Islamitiese ekstremiste kerke en huise aanval.

Vroue ervaar veral sekere soorte vervolging in Ethiopië. Christenvroue word gedwing om met nie-Christene te trou en hul geloof prys te gee. 'n Vrou in 'n ongelowige gebied wat na Christenskap bekeer, sal waarskynlik deur haar man geskei word. Sy kan ook toesig oor haar kinders verloor.

Ontmoet Khalid *“My familieledede is Moslems en bid vyf keer per dag. Toe ek Jesus Christus aangeneem het, het ek opgehou om saam met hulle te bid. Hulle het gesê dat ek die kultuur besoedel het, en dat ek hulle en hul geloof verraai het. Hulle het my gedwing om die huis te verlaat. Hulle het geweier om vir my kos en blyplek te gee. Hulle het selfs gedreig om my dood te maak. Hulle dink dat ek sal terugkom wanneer ek honger word. Ondanks al hierdie dinge het God se beskerming my gered.*

*” *Naam vir sekuriteitsredes verander.*

Bid vir Ethiopië

Bid vir die Christen-denominasies in Ethiopië, veral vir die Ethiopiese Ortodokse Kerk. Bid dat hulle sal besef dat eenheid moontlik is in Jesus, en dat hulle alle Christene onder die banier van Christus se koninkryk sal omhels. Bid vir Christene wat in gebiede bly waar Islamitiese ekstremiste aktief is. Bid vir beskerming en dat daar nie teen hulle gediskrimineer sal word of hulle onderdruk sal word nie.

